# VYF VRYHEDE

## HONDE POPPESPEL



Handpop 1

Handpop 2






Handpop 3



Handpop 4

KNIP DIE MASKERS UIT EN MAAK GAATJIES VIR DIE REK.
ONTHOU OM DIE OË OOK UIT TE KNIP.











Handpop 1 Dis onregverdig!



Handpop 2 Ja, dis onregverdig!



Handpop 3 Ja, dis baie, baie onregverdig!



Handpop 4 Wat's fout vriende?



Handpop 1 Jy is gelukkig en ons is nie gelukkig nie.



Handpop 2 My maag is leeg.



Handpop 3 En bosluise en vlooie vreet my op – selfs in my ore!



Handpop 4 *(hy kyk in handpop 3 se ore)*

Laat ons sien. Sjoe jy is mos 'n regte vlooi taxi! Ja, julle is reg. Ek is gelukkig. Wat julle almal nodig het is 'n voog.



**Handpoppe 1, 2** en **3** *saam*

Wat's 'n voog?



**Handpop 4** 'n Voog is iemand wat seker maak dat julle die Vyf Vryhede vir Diere geniet!



**Handpoppe 1, 2** en **3** *saam*

Die *wat* vir diere?



**Handpop 4**


Die Vyf Vryhede. Kom ons vra die leerlinge om te verduidelik.

*Leerlinge 'in die gehoor' staan een vir een op…*

**Leerling 1** **VRYHEID VAN HONGER EN DORS**

**Leerling 2** …soos vars kos en skoon water


*Al die handpoppe woef-woef in goedkeuring*



**Leerling 3** **VRYHEID VAN ONGEMAK**

**Leerling 4** …soos nie op 'n kort ketting vasgemaak te word nie


*Al die handpoppe woef-woef in goedkeuring*



Leerling 5 **VRYHEID VAN PYN, BESERING EN SIEKTE**

Leerling 6 …soos om die veearts te besoek as julle siek of beseer is


*Al die handpoppe woef-woef in goedkeuring*



Leerling 7 **VRYHEID OM NORMALE GEDRAG TE BEOEFEN**

Leerling 8 …soos om te spring van blydskap as jou voog tuis kom

*Al die handpoppe woef-woef in goedkeuring*



Leerling 9 **VRYHEID VAN VREES EN ANGS**

Leerling 10 …soos om nie gegooi te word met bakstene en klippe nie

*Al die handpoppe woef-woef in goedkeuring*





Handpoppe 1, 2 en 3 *saam*

Maar waar kry ons die vryhede?



Handpop 4 Soos ek gesê het… wat julle nodig het, is ‘n voog!



Handpoppe 1, 2 en 3 *saam*

Maar waar kry ons ons voogde?

*Die leerlinge in die res van die klas staan en antwoord tesame:*

**Ons is hier!**

**Julle het julle voogde gevind!**

**Ons is julle voogde!**

*Die leerlinge buig. Toe sê hulle almal saam:*

**Ons is goeie Aarde-bewaarders en Diere-voogde.**

*Dankie dat julle ons opvoering geniet het.*

